Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Igihondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjhabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2026

AFRIKAANS HUISTAAL V1 NASIENRIGLYN

PUNTE: **70**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING A: LEESBEGRIP

Nasien van die leesbegrip:

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/bewys/ motivering word oorweeg by die puntetoekenning.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie.**
- Waar eenwoordantwoorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ’n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar by meervoudigekeuse-vrae BEIDE die ooreenstemmende letter met die korrekte antwoord EN/OF die volledige, uitgeskryfde antwoord.

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 1 (*Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)*

AFDELING B: OPSOMMING

Vraag	Antwoord	Punt
1.1.1	(kul-)kortpad en snelweg. √ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt aan.*	1
1.1.2	Dit dui daarop dat jongmense nog nie weet hoe om KI te gebruik nie. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
1.1.3	Dit laat die leser nadink oor die waarde van KI. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
1.2	Ander mense sê die KI is óf baie goed óf baie sleg. √ Prof. Verhoef sê albei die sienings is verkeerd. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.*	2
1.3	KI kan mense se lewens neem/beëindig om oplossings vir hongersnood of armoede te bied. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
1.4	Dit verwys na mense wat (die leuens van) KI so maklik glo. √ **EN** Dit verwys na die onskuldige dogter wat die slagoffer van 'n "ontklee-foto" was. √ Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.	1 1
1.5	Studente (op honneursvlak) oefen deur vals datastelle te ontleed. (Meestersgraad)studente het tutorbotte of kletsbotte as "kliënte". √√ Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.	2
1.6	Hulle het minder depressie, minder stres, minder angs, dis gratis, is 24 uur per dag beskikbaar. √√√√ Die kandidaat bied VIER antwoorde vir EEN punt elk aan.	4
1.7	Mense (wat andere oplei) wonder of hulle nog 'n plig het as KI al die opleiding kan doen. √ Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.	1

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

1.8	Skole kan dit nie verban nie. Skole weet nie hoe om dit te bestuur nie. Dit is 'n blywende probleem. Die onderwysdepartement verskaf nie riglyne oor KI-gebruik nie. √√√ *Die kandidaat bied enige soortgelyke DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	3
1.9	Die Beheerliggaam / georganiseerde onderwys / universiteite / Fedsas √ *Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.*	1
1.10	Standaardisering moet plaasvind. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
1.11	KI maak dat leerders dink / vrae vra. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
1.12.1	Hy is die hoof van die Fedsas-sentrum vir Tegnologie / is 'n kenner. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
1.12.2	KI is goed, want dit gee oplossings vir probleme. dit bring opwinding / help dosente met akademiese kwessies / dit help studente (veral sielkundestudente) / is altyd beskikbaar / dit bevorder kritiese denke. **OF** KI is sleg, want dit kan handuit ruk / dit bring ontwrigting / kan ophou luister na mense / help kubermisdaad aan / word nie gereguleer nie / maak mense lui / sy oplossings kan die mensdom benadeel. √ *Die kandidaat bied sy/haar keuse in 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
1.13	Ja – Die robot is fisies soveel groter as die mense. Die hande word as knyptange voorgestel. √√ *Die kandidaat kan nie NEE as antwoord bied nie.*	2
1.14	Die aanhalingstekens is effektief, want dit dui aan dat die "feite" nie werklike feite is nie. / dui aan dat die robot leuens vertel. **OF** Die aanhalingstekens is onnodig (en dus nie effektief nie) omdat die woord "hallusineer" reeds sê dat die feite nie waar is nie. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
1.15.1	Politici vertel leuens. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
1.15.2	Dit impliseer dat KI (meer dikwels) sleg is. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

1.16	Die word “kul-“ kan daarop dui dat die feite nie altyd korrek is nie, soos die persoon die feitelikheid van die robot bevraagteken. √ **EN** Volgens paragraaf 7 ontwikkel KI vals datastelle wat aansluit by die idee dat robotte hallusineer of nie ware feite weergee nie. √ *Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* *In beide antwoorde moet beide kante gestel word vir EEN punt elk.*	1 1
	TOTAAL AFDELING A:	**30**

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Nasien van die opsomming

- Die nasien van die opsomming word baseer op die insluiting van die relevante feite in die teks wat met die vraag ooreenstem.
- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs riglyne wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totale punte: 10

- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:
  - 6-7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie
  - 4-5 direkte aanhalings: ken 'n maksimum van 1 taalpunt toe
  - 2-3 direkte aanhalings: ken 'n maksimum van 2 taalpunte toe

LET WEL:

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste aspekte bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

NASIENSIMBOLE

^	Onvolledige feit
V	Onvolledige sin
F	Feitefout
A	Aanhaling
H	Herhaling
S	Stelling

Kopiereg voorbehou
Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

MOONTLIKE PARAGRAAF

Gebruik 2FA (Tweefaktor-verifikasie) om jou aanlynaktiwiteite te beveilig. Moenie dieselfde wagwoord vir jou verskillende aanlynrekeninge gebruik nie. Kies sterk wagwoorde wat uit 'n mengsel van letters, syfers en spesiale karakters bestaan. Moenie op vreemde e-posse/ skakels klik/reageer nie. Hou jou rekenaar/ander toestelle op datum met die nuutste sagteware. Bly weg van openbare Wi-Fi-konneksies. Maak seker dat die webtuistes wat jy besoek se verbinding veilig is. Verwyder ongebruikte toepassings (apps) vanaf jou selfoon.

[Getal woorde: 74]

OF

	AANHALING UIT TEKS		**MOONTLIKE BEWOORDING**
1	... om jou rekenaar te beveilig, is **deur 2FA (Tweefaktor-verifikasie) te gebruik**. Wanneer jy 2FA aktiveer ... sal hulle nie toegang tot jou rekening kry **sonder die tweede faktor nie** – jou selfoon.	**A**	Gebruik 2FA (Tweefaktor-verifikasie) om jou aanlynaktiwiteite te beveilig.
2	... om **dieselfde wagwoord vir verskeie rekeninge te gebruik**. ... een van jou wagwoorde kry, kan hulle **maklik toegang tot jou ander rekeninge kry.**	**B**	Moenie dieselfde wagwoord vir jou verskillende aanlynrekeninge gebruik nie.
3	om seker te maak dat jy **sterk wagwoorde** (wat uit 'n kombinasie van letters, syfers en spesiale karakters bestaan) te kies.	**C**	Kies sterk/unieke wagwoorde wat uit 'n mengsel van letters, syfers en spesiale karakters bestaan.
4	Kuberkrakers gebruik **e-posse en skakels** om toegang tot jou rekenaar te kry. ... maar dit kan 'n **lokval** wees ... om op 'n **skakel te klik of 'n aanhangsel** af te laai...	**D**	Moenie op vreemde e-posse/skakels klik/reageer nie. / Wees versigtig vir skakels/e-posse wat betroubaar lyk, maar eintlik gevaarlik is.
5	... seker dat jy altyd jou rekenaar, selfoon en ander toestelle met die **nuutste sagteware-opdatering** op datum hou.	**E**	Hou jou rekenaar/ander toestelle op datum met die nuutste sagteware.
6	op 'n **oop Wi-Fi-netwerk** is, kan 'n kuberkraker tussen jou toestel en die internetverbinding "staan". **Vermy dus openbare Wi-Fi-konneksies**	**F**	Bly weg van openbare Wi-Fi-konneksies.
7	Sorg ook dat die **webtuistes wat jy besoek met "https://" begin** – met 'n hangslot-ikoon, menende die **verbinding is geënkripteerd**.	**G**	Besoek webtuistes wat met "https://" begin/'n hangslot-ikoon bevat. / Maak seker dat die webtuistes wat jy besoek se verbinding veilig is.
8	... **'n toepassing (app)** op jou foon los **wat jy nie gebruik nie**, los jy basies 'n venster in jou digitale huis oop ... **Vee dus ongebruikte toepassings uit.**	**H**	Verwyder ongebruikte toepassings (apps) vanaf jou selfoon.
	(Die kandidaat kan enige 7 feite neerskryf.)		
			Getal woorde: 74

TOTAAL AFDELING B: 10

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

NASIEN VAN OPSOMMINGS INDIEN DIREKTE AANHALINGS GEBRUIK WORD

Gewone opsomming met eie woorde	AANTAL DIREKTE AANHALINGS UIT DIE TEKS							
	7 AANHALINGS	6 AANHALINGS	5 AANHALINGS	4 AANHALINGS	3 AANHALINGS	2 AANHALINGS	1 AANHALING	TOTAAL
7 feite +3 pte	+ 0	+ 0	+ 1	+ 1	+ 2	+ 2	+ 3	**7**
6 feite + 3 pte		+ 0	+ 1	+ 1	+ 2	+ 2	+ 3	**6**
5 feite + 2 pte			+ 0	+ 0	+ 1	+ 1	+ 2	**5**
4 feite + 2 pte				+ 0	+ 1	+ 1	+ 2	**4**
3 feite + 1 pt					+ 0	+ 0	+1	**3**
2 feite + 1 pt						+ 0	+ 1	**2**
1 feite + 1 pt							+ 0	**1**

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

Nasien van hierdie afdeling:

- Spelling:
  - Eenwoordantwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie, tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- By meervoudigekeuse-vrae word die letter van die korrekte antwoord en/of die antwoord wat uitgeskryf is, as korrek aanvaar.

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	Daar word verwys na "-toekennings"/ "smaakmakers" / Daar is 14 (verskillende) kategorieë waarin jy as smaakmaker kan wen. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
3.2	Daar word van opdragsinne gebruik gemaak/daar is 'n uitroepteken. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
3.3	(media)-ster √	1
3.4	A / kontaminasie √	1
3.5.1	Die hutsmerk by B sluit aan by die kompetisie wat verband hou met sosiale media. √ **EN** Die simbole rondom die selfoon by G stel die verskillende sosiale media platforms in die advertensie voor. √ *Die kandidaat bied enige soortgelyke TWEE antwoorde, onderskeidelik, vir EEN punt elk aan.*	1 1
3.5.2	Ouers/ma's is bekommerd oor hul kinders se eksamens/kyk gereeld of hulle kinders studeer/kinders is eerder met hul selfone besig i.p.v. voor hul skoolboeke. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
3.6	Dit verduidelik die betekenis omdat die woord 'n nuutskepping is/omdat die Engelse woord meer bekend is aan die lesers/ die lesers weet dalk nie wat die woord beteken nie. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
3.7	Daar is verskeie geleenthede om iets te wen (14 kategorieë). / Die groot bedrag/prysgeld van R325 000 ter sprake. √	1
3.8	Ja, dit kan addisionele inligting verskaf/dit is 'n makliker manier om meer inligting te bekom/dit pas by die inhoud van die advertensie wat na sosiale media verwys. √ **OF** Nee, die gegewe inligting en webwerfadres by J is genoegsaam. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
		10

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 4: STROKIESPRENT

Vraag	Antwoord	Punt
4.1	Dilton het al tevore dinge ontwerp/gedoen wat nie gewerk het nie./ Dit is nie die eerste keer wat hy 'n vreemde uitrusting ontwerp nie. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.*	1
4.2	Hy wys hy wil nie na die rekenaar kyk nie deur sy lyf/gesig/oë weg te draai./ sy kop in die teenoorgestelde rigting te draai./ sy arm op te tel om nie te sien nie. √ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
4.3	Dit dui daarop dat hy glad nie van die uitrusting hou nie./ dat hy dit afkeur./ as iets afgryslik/lelik/monsteragtig sien. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
4.4	Dit is funksioneel omdat dit (die voorstelling van slegs die buitelyne van die karakters) die aandag wegneem vanaf die karakters en die fokus op die funksies/eienskappe van die uitrusting gee./Dit maak die beskrywende woorde meer universeel. √ **OF** Dit is nie funksioneel nie. 'n Normale (verdere) bespreking van die funksies/ eienskappe van die uitrusting vind plaas, presies soos in die vorige raampie waar die karakters voluit geskets is. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
4.5	teleurstelling/woede √ **EN** Die uitroeptekens/die uitroep. √ *Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	1 1
4.6	Dilton het uitgeroep/gesê dat alles toe gevries het. √	1
4.7	Wat is rêrig deur Dilton ontwerp? √	1
4.8	C/ humor en 'n antiklimaks √	1
		10

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 5: ARTIKEL

Vraag	Antwoord	Punt
5.1	'n Speler van die nasionale krieket- of netbalspan word 'n Protea genoem. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
5.2	sou/ ou √	1
5.3	In beide gevalle word die kommas gebruik om ekstra inligting van die persone ter sprake te gee. (Eers van die botanis en dan die professor.) √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
5.4	wêreldbekende/ alombekende √ *Die antwoord moet korrek gespel word.*	1
5.5	prof. √ *Die antwoord moet korrek gespel word – met die punt.*	1
5.6	om te versamel √	1
5.7	geklassifiseer √ *Die antwoord moet korrek gespel word.*	1
5.8	Die koppelteken word gebruik om die opeenhoping van klinkers te voorkom. √	1
5.9	Fossielverslae toon selfs bewyse van protea-agtige plante wat eens op Antarktika gegroei het en fossiele is van proteas gevind wat 300 miljoen jaar oud is. √ **OF** Fossielverslae toon selfs bewyse van protea-agtige plante wat eens op Antarktika gegroei het, want fossiele is van proteas gevind wat 300 miljoen jaar oud is. √	1
5.10	Assimilasie √	1
		10

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou
Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.